Ps. 68:1,2.
Ps. 118: 10,11.
Ges. 156: 5,6.

## Die Strydwaens op d. Oorwinningspad.

Sag. 6:1-8

Hereniging
Lichtenburg
5 Nov. 1960

Sag. 6:7m. - En Hy het gesê: Trek weg, deurkruis die aarde!

Inl: Dis vir ons 'n besondere voorreg om namens die
Moderatuur van ons Suidoostelike-sinode van Tvl die ge-
meente van Lichtenburg ons hartlikste gelukwense
oor te dra by die jubileumviering van die 75-jarige
bestaan van u gemeente. ~~Drie~~ dinge het ~~tref~~ my diep
getref by die deurlees van die geskiedenis van u
gemeente:
1) Die beroeringe en ommeswaaiinge wat die veelbe-
woë gebeure van die Anglo-Boere-oorlog en die rebellie
teweeggebring het - en die duidelike bewys van
die hoë God in en deur die stormgeweld van die
nimmer van die oorlog sy ryk hier gebou het;
3) Die besondere plek wat die sending van die
begin in die geskiedenis v.d. gemeente ingeneem
het en die besielende voorbeeld wat die gemeente
in die verband gestel het. -diens
2) Die geweldige eise wat aan die barmhartigheid
v.d. gemeente gestel is deur die kerms v.d. uit-
wenge met sy siening en smarte.
Soos byna geen ander gemeente kan u getuig
van die wendinge v.d. ~~wêreld~~geskiedenis en die uit-
werking wat dit gehad het op die Kerk
in die Kerk en in die Koninkryk.
Afgesien dat die ~~...~~ 8ste visioen van
Sagaria na ons mening so 'n besonder pasklike
woord bied by hierdie fees.
Sagaria tree op in 519 v.C. - onmiddellik na
d. terugkeer v.d. Jode uit Babilonië (Ballingskap).
Vir die volk 'n tyd van groot verwarring en
onduidelikheid: verstaan nie waarmee God besig

is en wat Hy wil met Israel die Godsvolk wat Hy tugbring na hulle land nie.

In agt naggesigte gee God nou aan Sagaria die verklaring van baie van die vrae te kenne; om die volk te bemoedig en aan te spoor. Van hd. 8 vorm die laaste die Klimaks: die gesig van 4 strydwaens wat tussen 2 berge uittrek — berge met die koperglans van die môreglans op hulle hange — om die aarde te deurkruis. Hulle gaan uit van God, van hulle standplaas by die Here van die ganse aarde om in die 4 windrigtings uit te trek. ~~En na d. Noordland~~

I Die Strydwaens as Waens van God. Vandaar: Hd. 4 waens wat uittrek kom tevoorskyn tussen 2 berge — berge van koper. Daarmee wil Sagaria sê: Hulle kom van God (voorstelling v.d. 2 berge o.i.v. Egipt. godsdiens as poort v.d. hemel) en hulle trek uit in die môre — die begin van 'n nuwe dag ("berge van koper") Dis nie gewone waens nie, maar strydwaens wat in die oorlog gebruik word. Die betekenis: God is op d. oorlogspad — die waens is al d. middels wat God gebruik om in d. gesk. v.d. volkere v.d. aarde sy plan te voltooi en sy doel te bereik. Hd. waens is veral gebruik as oorwinningswaens wanneer die seëvierende leërhoofde die vyandige gebied as oorwinnaars binnetrek. Dus: wanneer die wêreld aan die brand is, as volkere bots en kanonne dreun, as die Kongo in rep en roer is en die V.V.O. noodsittinge hou dan is dit God wat aan die werk is, dan ry Hy seëvierend deur die wêreld besig om sy Koninkryk op aarde op te rig.

En as die oorloë & botsinge ons raak, is ons geneig om in woede of wanhoop of angs en vrees te verval, veral as dit nie inpas by ons idee van wat vir ons goed is nie. Maar God weet beter: Hy kies sy eie tyd en metode!

Die feit dat die waens uitgaan na die 4 windstreke is die duid. teken dat God d. hele wêreld en al die volkere insluit en betrek in sy plan van verlossing, omdat Hy almal ewe liefhet. Laat ons asb. nie dink dat God Suid-Afrika meer lief het as vir Rusland, of vir België meer liefhet as die Kongo nie! Sy strydwaens gaan oor die hele aarde omdat Hy alle volke onder sy vyw. liefdesheerskappy wil bring!

II Die Noorderland as Land van God: Die waens gaan uit in alle rigtings: selfs na die Noorderland. En daaroor is die profeet die meeste verbaas (v. 8)

Want die Noorderland is Babilonië: 1) die land waar die volk v. God vir 70 j. in ballingskap gehou is & dus nog verkeer; 2) die land v.d. tirannie & diktatorskap wat sy mag oor baie ander volkere uitstrek 3) die land v. goddeloosheid en heidendom. Selfs na hd. land gaan een v.d. waens: ook in hd. land kom daar Gods Gees sy werk. Ja, die waens bring Gods Gees hier tot rus! Hier op d. mees onverwagte plek, word d. lig v.d. Evangelie uitgedra, hier onder hd. goddelose wêreldmag, volk v. geweld en tirannie & bloedstorting — hier juis wil God sy sendingwerk ~~[illegible]~~ laat doen, hier juis wil Hy wys dat Hy oorwinnaar is oor die mag v.d. Bose in die lewe van volkere wat die ware God nog nie ken nie! En die werk wil Hy doen nie sonder, maar deur sy Kerk op aarde!

Waarom sê ons nou al hd. dinge? Wat het dit te doen met kinkerkering se gemeente, wat n werkde, n fusierings, n toekoms?

Dit, my br v st., ① Dat n geskiedenis van 1885 hierdie waarheid bevestig: as vroeëre bots (1899-02), as die latgewalle van duis. mense verander word (delwerye) dan is dit God wat uittrek met sy mens om sy plan te volvoer!

② Soos God dit telkens na vore laat kom & laat blyk het in n geskiedenis, so is Hy vandag ook besig om dit te laat blyk in alles wat vandag in Afrika en ons land gebeur: in die botsing van idees en groepe, in die vermenging tussen rasse en lande, in die spanning van onsekerheid oor die toekoms — in alles moet n soek en sien die hand v God!

③ Dat n te wagte moet wees dat ook ons land in d. nabye toekoms groot ommentelinge gaan beleef; die spanning & onrus en onsekerheid gaan nie afneem (tydelike kalmte) — dit gaan toeneem. En n en ek sal seker afdeur ten naaste geraak word. Die gesk. v. L. gaan, meer gedy / Geen illusies! word

④ In die spanning & botsing van ons tyd kan die Kerk nie afsydig staan nie, mag die Kerk nie swyg nie; maar moet die Kerk die waarheid v Gods Wd en Gees laat spreek teenoor Kten en heiden, na binne en na buite, teen volk v ouerheid. Die Kerk wat dit nie doen nie is geen Kerk nie! Gods waarheid vir ons tyd

⑤ Dd. boodsk. v Gods waarheid vir ons tyd — word van Gods profetiese woord aan alle mense, word van Sondag tot Sondag. En n as gebring hier van Sondag tot Sondag. En n as gemeente het d. heilige plig om dit so toekom n hoor en gaan oordink — al bots dit ook met n mees geliefkoosde opvattinge — dat God daar n sy Koninkryk kan oprig in SA. U gewillig in d. sending — (sendeling) — in toekoms?

# Program

## 3 tot 6 November 1960

ooo

## Tydens Vyf-en-sewentigjarige Jubileum

ooo

N.G. Kerk, Lichtenburg.

Namens die Kerkraad word u en u eggenote baie vriendelik uitgenooi na die volgende verrigtinge:

**(A) 3 NOVEMBER, 8 nm.**

Verskeidenheidskonsert in die Stadsaal.

**(B) 4 NOVEMBER, 4.30 nm.**

**Gesellige Byeenkoms op Kerkgronde.**

7.30 nm.: Groete verskillende instansies in Kerksaal.

1. Ds. D. van N. Theron — Konsulent van die gemeente.
2. Ds. H. J. Lategan — Voorsitter van die Ring.
3. Kwartet — Begelei deur Mev. Veldsman.
4. Groete — Susterkerke en die Methodiste Kerk.
5. Klaviersolo
6. Die Burgemeester — Mnr. F. A. Jonker.
7. Humoristiese vertellinge uit die bediening van vorige leraars.
8. Sangsolo.
9. Bedankings.

Eregaste en hulle eggenotes kom geniet verversings aan die pastorie.

**(C) 5 NOVEMBER 1960, 2 nm.**

1. Onthulling van Gedenkplaat by die Kerk en die Oopsluit van die Deure van die Hernude Kerkgebou — Ds. en Mev. Claassens.
2. Gebed — Ds. D. van N. Theron.
3. Voorbereidingsdiens, 3 nm. — Ds. P. L. Lourens
4. Wydingsdiens en Ingebruikneming van Kerkgebou, 7.30 nm. — Ds. C. F. B. Naude (Waarnemende Moderator).

**6 NOVEMBER, 10 vm.**

1. NAGMAAL — Ds. P. du Toit.
2. Danksegging — Ds. D. N. J. du Toit.
3. Konferensie met Gemeente, 7.30 nm.

Vir verdere besonderhede van program sien Program in Gedenkalbum.

Namens die Kerkraad,

Ds. J. A. CLAASSENS,
(Plaaslike Leraar).

Gedruk deur

LICHTENBURGSE DRUKKERY
(Edms.) Bpk.

Buchananstraat 38, Lichtenburg.

5707